Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2016

# DANSSTUDIES

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **3 uur**

* I D N C A *

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TIEN vrae. Beantwoord slegs NEGE vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

3. **AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG – 40 PUNTE**
   **AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID – 60 PUNTE**

4. **AFDELING A:** Bestaan uit VYF vrae. Beantwoord slegs VIER vrae in hierdie afdeling. Let daarop dat jy ŉ keuse het tussen VRAAG 2 en VRAAG 3 in hierdie afdeling. Indien jy beide vrae beantwoord, sal slegs die eerste vraag wat beantwoord is, nagesien word.
   **AFDELING B:** Bestaan uit VYF vrae. Antwoord al die vrae in hierdie afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Lees elke vraag aandagtig deur en let op wat vereis word.

7. Jy mag rowwe beplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek ŉ streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

8. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
   - Slegs in een taal te antwoord
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat te gebruik wat in bepaalde vrae vereis word
   - Die korrekte dansterminologie, waar nodig, te gebruik

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A VEILIGE DANSPRAKTYK EN -GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1 BELYNING/KERNSTABILITEIT

1.1 Beskryf die belyning van ’n danser se liggaam. (2)

1.2 Verduidelik waarom kernstabiliteit belangrik is vir ’n danser. (3)

1.3 Hoe kan kernstabiliteit deur ’n danser ontwikkel word? (3)

1.4 Verduidelik EEN oefening wat sal help om kernstabiliteit te ontwikkel. (2)
**[10]**

**JY HET ’n KEUSE TUSSEN VRAAG 2 EN VRAAG 3.**
**BEANTWOORD SLEGS EEN VRAAG.**

### VRAAG 2 (KEUSEVRAAG) – GEWRIGTE/ANATOMIESE AKSIES


2.1 Teken die hieropvolgende tabel in jou antwoordeboek aan en vul die volgende in:

| | Gewrigtipe | Liggaamsdeel waar dit te vinde is | EEN anatomiese beweging | |
|---|---|---|---|---|
| 2.1.1 | Bal-en-potjie-gewrig | | | (2) |
| 2.1.2 | Skarniergewrig | | | (2) |

2.2 Verduidelik VIER funksies van die geraamte. (4)


2.3 Watter soort bewegings kan in die volgende gesien word:

2.3.1



http://www.northcoastfootcare.com/pages/biomechanics.htm (1)

2.3.2




http://www.northcoastfootcare.com/pages/biomechanics.htm (1)
**[10]**

**OF**

**VRAAG 3 (KEUSEVRAAG ) – SPIERE/ANATOMIESE AKSIES**

3.1 Benoem die spiere soos in die diagram hieronder aangedui word. Skryf slegs die antwoord langs A, B, C en D neer in jou antwoordeboek.




http//wicoseco36.soup.io487179309/upper-boc (4)

3.2 Voltooi die volgende sinne oor anatomiese aksies deur die ontbrekende woorde in te vul.

3.2.1 … is laterale beweging weg van die middellyn van die liggaam. (1)

3.2.2 … is sirkelvormige beweging rondom ŉ as (spil). (1)

3.2.3 … is om die tone/voet te punt. (1)

3.2.4 … is om ŉ gewrig oop te maak of die gradiënt (hoek) tussen twee beendere te vermeerder (vergroot). (1)

3.3 Noem enige TWEE spiere wat vir kernstabiliteit gebruik word. (2)

**[10]**

## VRAAG 4 VOETE/SKEENBESERINGS

4.1 Beskryf die vereistes wat op die voete van ŉ danser gedurende dansklasse geplaas kan word. (2)

4.2 Hoe kan jy krag en soepelheid in ŉ danser se voete ontwikkel? (2)

4.3 Wat kan jy doen om atleetvoete te voorkom? (2)

4.4 Bespreek die behandeling van skeenbeserings. (4)
**[10]**

## VRAAG 5 STEREOTIPE/POSITIEWE LIGGAAMSBEELD/VOEDING

5.1 Beskryf TWEE maniere hoe stereotipe in dans voorkom kan word. (2)

5.2 Verduidelik die voordele van ŉ positiewe liggaamsbeeld. (3)

5.3 Gee ŉ verduideliking van die verskillende kossoorte wat in ŉ danser se dieet ingesluit moet word om gesond te bly. (2)

5.4 Bespreek die positiewe effekte wat goeie voeding op die liggaam sal hê. (3)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID

### VRAAG 6 DANSVORME/BEGINSELS

6.1 Beskryf DRIE dansbewegings wat in Afrika-danse gebruik word. Beginsels mag ook ingesluit word. (3)

6.2 Gee die naam van jou hoof dansvorm en verduidelik VIER van hierdie dansvorm se beginsels. (4)

6.3 Waarom is dit belangrik om danse van ander kulture te bestudeer? (3)

**[10]**

### VRAAG 7 INTERNASIONALE CHOREOGRAAF

Kies ŉ voorgeskrewe Internasionale Choreograaf uit die voorgeskrewe lys hier onder en beantwoord die volgende vrae:

**HIERONDER IS DIE VOORGESKREWE LYS VAN INTERNASIONALE CHOREOGRAWE EN HUL DANSWERKE**

| INTERNASIONALE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| George Balanchine | *Appollo/Jewels* |
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| Martha Graham | *Lamentation/Errand into the Maze* |
| Christopher Bruce | *Ghost Dancers* |
| Mathew Bourne | *Swan Lake/Cinderella* |
| Pina Bausch | *Rites of spring* |
| William Forsythe | *In the middle, somewhat elevated* |
| Mats Ek | *Giselle/Swan Lake/Carmen* |
| Rudi van Dantzig | *Four Last Songs* |
| Jiri Killian | *Wings of wax* |

7.1 Gee die naam van die choreograaf.

7.2 Beskryf die choreograaf se agtergrond en opleiding as ŉ danser. (4)

7.3 Verduidelik hoe die choreograaf se choreografiese loopbaan ontwikkel het. (4)

7.4 Verduidelik die karaktertrekke wat deur hierdie choreograaf se dansstyl in sy/haar danswerke gebruik word. (4)

7.5 As ŉ Suid-Afrikaanse dansstudent, waarom dink jy is dit belangrik om oor internasionale dans geskiedenis te leer? (3)

**[15]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 8 SUID-AFRIKAANSE DANSWERK

Kies een SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAAF en ŉ DANSWERK uit die voorgeskrewe lys hieronder en beantwoord die volgende vrae:

**HIERONDER IS DIE VOORGESKREWE LYS VAN SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE EN HUL DANSWERKE**

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld/Carmen* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |
| Alfred Hinkel | *Last Dance (Bolero)/Rain in a dead man's footprints/Cargo* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Gary Gordon | *Bessie's Head* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Hazel Acosta | *Blood Wedding* |
| Caroline Holden | *Imagenes* |
| Gregory Maqoma | *Beauty Trilogy/Skeleton Dry* |

8.1 Gee die naam van die choreograaf en die danswerk.

8.2 Beskryf die storie/sinopsis van die danswerk. (5)

8.3 Gee ŉ verduideliking van die produksie elemente soos kostuum, stelontwerp en musiek. (4)

8.4 Verduidelik die karaktertrekke van die dansstyl wat deur die choreograaf gebruik word. (3)

8.5 Bespreek die choreograaf se bydra tot dans. (3)
**[15]**

## VRAAG 9 MUSIKALITEIT /INSTRUMENTE/KATEGORIEË

9.1 Verduidelik waarom musikaliteit in dans belangrik is. (2)

9.2 Lys TWEE ander maniere behalwe musiek wat dansers/choreograwe kan gebruik as begeleiding wanneer hulle dans. (2)

9.3 Verduidelik hoe die volgende musiekkategorieë musiek produseer en noem EEN instrument vir elk van die musiekkategorieë.

9.3.1 Aërofoon (2)

9.3.2 Chordofoon (2)

9.3.3 Elektrofoon (2)
**[10]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 10 PRODUKSIEROLLE/CHOREOGRAFIESE ELEMENTE/OPVOERINGSRUIMTES**

10.1 Kies enige DRIE produksie-loopbane hieronder en verduidelik wat elke loopbaan behels. (3)

| | | |
|---|---|---|
| Verhoogbestuurder | Bemarkingsbestuurder | Danskaptein |
| Voorhuisbestuurder | Tegniese bestuurder | |

10.2 Verduidelik die volgende choreografiese elemente:

10.2.1 Oorgange (1)

10.2.2 Klimaks (1)

10.2.3 Volgordebepaling (1)

10.3 Bespreek die kenmerke van die volgende opvoeringsruimtes:

10.3.1 Proceniumboog (2)

10.3.2 Stam/Inheemse omgewing (2)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou